

Sing vooraf: 107:1 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 3:2 (p. 11)

- 2 Van God se trou bewus, / was slaap my veil'ge rus
tot ek versterk ontwaak het. / Ek sal hul nou nie vrees,
hoe sterk hul ook mag wees / wat my rondom genaak het.
Staan op, verlos my, HEER! / Verbreek hul tande weer!
U tem die oorlogsvolke! / Aan U die heil alleen!
Stort op u erf 'n seen / soos druppels uit die wolke.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 71:10 (p. 355)

- 10 Nou kom ek aan met forse skrede, / my lof is sonder maat,
vir u verlossingsdaad. / Ek meld van jeugtyd en verlede -
hoe U my, onervare, / gelei het al my jare.

Skriflesing: 2 Korintiërs 5 en Efesiërs 3

Teks: 2 Korintiërs 5:21 en Efesiërs 3:10; Kategismus Sondag 6

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

(2 Korintiërs 5:21 AFR1953)

. . . sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word, (Efesiërs 3:10 AFR1953)

Hoe mag ons weet wie ons Verlosser is en wat Hy alles gedoen het en nog steeds doen?

- Ons leer in Efesiërs 3:10 dat ons wel mag vra dat die Here sy wysheid aan die gemeente openbaar.
- Die antwoord is dat die Here die dinge wat vir ons belangrik is om te weet, aan ons openbaar – dit is in sy Woord opgeteken.

Daarom mag ons soekende na God se Woord toe gaan om te leer hoedanig ons Verlosser is.

Kom ons kyk na die volgende dinge wat aan ons openbaar hoedanig ons Verlosser moet wees:

1. Die geregtigheid van God en ons Verlosser

2. Ons Verlosser en ons oordeel

3. Die blywendheid van ons verlossing

1. Die geregtigheid van God en ons Verlosser

In sy verlossingsraad openbaar die Here dinge aan ons wat ons glad nie kan verstaan nie, soos byvoorbeeld dat ons Verlosser 'n werklike mens is, maar terselfdertyd ook die ewige en waaragtige God. Hoe gebeur dit?

- Sekere dinge daarvan kan ons verstaan, maar ten diepste bly hierdie saak vir ons 'n raaisel:
 - Ons kan dit net met die geloof aanvaar.
 - God openbaar nie hoe Hy dit doen nie.

Wat die Here wel openbaar, is waarom dit so moet wees. Dit gaan oor God se regverdigheid in 'n bepaalde straf wat voltrek moet word.

- Ons moet net onthou dat die Here se regverdigheid volmaak is: Hy sal nie iets doen wat verkeerd is nie, want die reg wat Hy uitoefen, is volmaak soos Hy.
- Daarby moet ons ook nog onthou dat die Here se regverdigheid en sy heiligheid aan mekaar verbind is, want die Here handhaaf juis sy eer en sy heiligheid deur geregtigheid.

Die reg van die Here het twee kante:

- Aan die een kant seën Hy,
- en aan die ander kant straf Hy.
- Sy oordeel bepaal waar die seën val, en waar die straf.
- Sy oordeel bepaal ook dat alle sondes wat teen sy hoë majesteit begaan is, gestraf moet word.

Wanneer die Here ons oordeel, gaan sy reg bepaal in watter mate ons gehoorsaam was aan alles wat Hy ons beveel het.

- Die oordeel van die Here gaan dus beslis dat daar sekere mense is wat Hy by Hom wil hê, en ander wat Hy nie by Hom wil hê nie.
- Dis ook logies, want iemand wat so eerloos met die Here se gebooe werk soos wat die duiwel dit byvoorbeeld doen, kan tog nie gaan woon waar die heerlijkheid van God is nie. So 'n persoon kan net wees waar die Here nie is nie – in die hel.

Die Here se oordeel is dus baie reguit en persoonlik gerig:

- Dit rig hom op die persoon wat die sonde gedoen het.
- Die Here gaan dus die straf vir my sondes op my rig.
 - Dit bring ons dadelik in die moeilikheid, want almal van ons weet dat ons nie die oordeel van die Here sal kan oorleef nie.

Die Here is egter nie net 'n God van oordeel nie – Hy is ook God van verlossing. Daarom beloof Hy van die begin af dat Hy 'n Verlosser sal voorsien wat die straf vir ons sondes kan dra.

2. Ons Verlosser en ons oordeel

Om die mense voortdurend te laat onthou van die Verlosser wat aan die kom is, stel die Here dan die offers in.

- Die offers self het geen krag gehad nie, daarom moes hulle oor en oor herhaal word.
- Maar hulle moes die mense laat onthou dat die Verlosser op pad is.

- Die offers het ook voorspel dat die offer wat uiteindelik gaan kom, 'n menseoffer gaan wees.
- As 'n diereoffer toereikend sou wees, sou dit nie nodig gewees het om hulle te herhaal nie.

Die probleem is egter nie so eenvoudig dat ons net kan sê dat die een wat as Verlosser optree, net 'n mens moet wees nie.

- Dié Persoon moes ook die hoof wees van die verlossingsverbond, soos wat Adam hoof was van die werkverbond.

Die punt is dat Adam se nasate almal sy sondes geërf het omdat hy die hoof van daardie verbond was.

- Die Verlosser moet nou ook so 'n Hoof van die verlossingsverbond wees, sodat die wat Hom volg, ook almal in Hom verlos kan wees.
- Ons lees hiervan in 1 Korintiërs 15 waar die Bybel leer dat die dood deur een mens in die wêreld gekom het, en dat die opstanding uit die dood daarom ook deur 'n mens moet wees.
- Daarby moet die Verlosser soveel bekwaamheid hê dat Hy sondeloos kon lewe, en daar hoegenaamd geen sonde of smet was waarvoor Hy gestraf moes word nie.
- Verder moes die Verlosser sy mag berekend oor die Satan bewys:
 - Hy moes sterf wanneer Hy wou, en weer lewendig word wanneer Hy wou.
 - Hy kon nie korter of langer teen die dood stry om sy oorwinning te behaal nie.

Daarom kondig Hy sy dood aan met die woorde:

- **Vader, in U hande gee Ek my Gees oor.**
- Vroeg die oggend van die derde dag is Hy reeds op uit die graf.
- Dis nie beslissings wat 'n mens kan neem nie.

Dit verklaar waarom Jesus God moes wees.

- Hy moes in die dood kon ingaan en uitgaan soos Hy wou,
 - om daarmee sy ewige heerlijkheid daarvoor te bevestig,
 - en om ook daarmee sy krag aan te toon waarmee Hy ons ook uit die dood uittrek.

Dis egter nie al nie.

- Die Verlosser moes ook nog by alles die toorn van die Here dra vir elke mens wat in die hemel sal wees se sondes.
- Dis dus 'n groot konsentrasie van God se toorn wat Hy moes dra.
- Dis ook 'n saak wat net die Here alleen kan hanteer.

3. Die blywendheid van ons verlossing

Die saak het nog meer kante as net dit wat ons tot sover genoem het.

- Die Verlosser moes na al hierdie dinge nog sorg dat sy verlossingswerk van krag bly oor die mense wat Hy verlos het.
 - Dit mag nie verouder of verval nie.
- Hy kon nie net sterf en opvaar, en daarmee was alles gedaan nie.
 - Hy gaan weg en maak 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gereed waarop Hy die engele wat nie gesondig het nie en die mense wat Hy verlos het, kan ontvang, dat hulle tot in ewigheid daar kan woon.

Dan kom daar nog dié belangrike punt ten opsigte van die Verlosser by:

- Eers is Hy tot sonde gemaak, sodat ons die geregtigheid van God kon verkry.

- Maar Hy kom nou as 'n Regter – nou is Hy die ware regter wat kom oordeel oor hoe ons hierdie geregtigheid vir onself toegeëien het.
- As ons die Verlosser weer sien, gebied Hy die aarde om die dooies se liggame te gee.
 - Ons sal Hom sien in sy almagtige krag waarmee Hy seker maak dat geen verlore in die hande van die Satan kan val nie.
 - Ons gaan Hom sien in die heerlikheid van sy genade wanneer Hy sy gerwe met groot sorg wegpak in sy skure.

Broeders en susters, as ons al hierdie dinge nie weet nie, gaan ons geloof verarm.

- Dan gaan ons ook veragter in ons aanbidding.
- Daarom moet ons die middele benut wat God ons gee om te groei in die geloof.

Die eerste een is die Heilige Gees wat in ons werk.

- Die Heilige Gees werk in ons deur die lees en bestudering van die Bybel.
- Hy werk in ons deur ons in die eenheid van ons geloof in die kerk bymekaar te maak, waar ons gemeenskap met God beoefen.
- Daarom is kerkbesoek en huisgodsdienso so belangrik.

Ons sal vanself besef dat ons daagliks bekeer moet word van ons sondes, hoe meer ons die heiligheid van God leer ken.

- Dit is so dat ons kennismaking met die regverdigheid van die Here ons laat besef hoe groot ons sondes is.
- En juis dit laat ons besef dat ons deur die regverdigheid van God in Jesus Christus toegang na sy troon toe het.
 - Hierdie wete lei ons tot gehoorsaamheid.
 - Gehoorsaamheid lei tot dankbaarheid en aanbidding van die enige ware God.

Broeders en susters, hierdie is 'n troospreek wat aan u die versekering gee dat u verlos is in die Here Jesus Christus.

- U is verlos deur Jesus Christus wat God is en wat waarlik mens is, en wat ons straf voor die Here gedra het.
- U moet weet dat Hy aan die kom is om u tot in ewigheid by Hom te neem.

Kom ons lees Kategismus Sondag 6 saam.

Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal (a). Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie (b).
(a) Eseg 18:4, 20; Rom 5:18; 1 Kor 15:21; Heb 2:14-16. (b) Heb 2:26, 27; Ps 49:8; 1 Pet 3:18:

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid (a) die las van die toorn van God (b) aan sy mensheid te kon dra (c) en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee (d).
(a) Jes 9:5; 63:3; (b) Deut 4:24; Nah 1:6; Ps 130:3. (c) Jes 53:4, 11; (d) Jes 53:5, 11.

Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus (d), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (e).
(a) 1 Joh 5:20; Rom 9:5; 8:3; Gal 4:4; Jes 9:6; Jer 23:6; Mal 3:1; (b) Luk 1:42; 2:6, 7; Rom 1:3; 9:5; Fil 2:7; Heb 2:14, 16, 17; 4:15. (c) Jes 53:9, 11; Jer 23:5; Luk 1:35; Joh 8:46; Heb 4:15; 7:26; 1 Pet 1:19; 2:22, 3:18. (d) 1 Tim 2:5; Matt 1:23; 1 Tim 3:16; Luk 2:11; Heb 2:9..(e) 1 Kor 1:30.

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (a). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (b) en profete (c) laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld; (d). Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul (e).

(a) Gen 3:15; (b) Gen 22:18; 12:3; 49:10. (c) Jes 53; 42:1-4; 43:25; 49:5, 6, 22, 23; Jer 23:5, 6; 31:32, 33; 32:39-41, Miga 7:18-20; Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1. (d) Heb 10:1, 7; Kol 2:7; Joh 5:46.
(e) Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 90: 2, 9 (p. 454)

- | | | | |
|---|--|---|--|
| 2 | Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe?
Wat het die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare,
en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER,
'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer. | 9 | Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie!
Laat van ons kroos u heerlijkheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede!
En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd,
bevestig tog ons werk in ewigheid. |
|---|--|---|--|

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 Mei 2007 (aand)